**Skriflesing: Jesaja 1:1-18**
**Tema: godsdiens kan sonde wees.**

In Jesaja 1:2-6 is God self aan die woord. Hy roep die hemel en aarde tot getuies teen sy volk. Hy het vir hulle gesorg soos 'n pa vir sy kinders. Hy het hulle grootgemaak en versorg - maar hulle het hul rug op Hom gedraai. Hy noem hulle ‘n sondige nasie, ‘n volk met skuld belaai, ‘n geslag wat verkeerd handel en afbreek. Die volk het die Here verlaat.

Selfs 'n bees en 'n donkie is verstandiger as God se volk. Die diere ken immers die een wat hulle versorg, maar God se volk ken Hom nie. By hulle is daar geen lojaliteit teenoor God wat aan hulle die lewe skenk en vir hulle sorg nie.

Hoe ondankbaar kan mense nie wees nie!
God gee steeds vir ons alles wat ons nodig het om van te leef en Hom te dien. In ons verlede staan ‘n leë kruis.
Hy sorg vir ons soos 'n pa, nog beter as ‘n pa. Maar dan draai ons soms ons rug op Hom. Geen wonder dat God ‘n oordeel oor sy volk uitspreek nie. Sulke mense verdien God se oordeel, op hulle wag ellende.

In kontras met die volk se reaksie, beklemtoon Jesaja God se toewyding aan Israel. Hy het hulle verlos. Hy is getrou aan sy volk. Maar Hy is ook getrou aan Homself. Daarom kan sy oordeel oor hulle sonde nie uitbly nie.
Die resultaat van sonde is ellende. Israel is soos 'n slaaf of misdadiger wat stukkend geslaan is. Hulle land lê in puin en hulle stede is afgebrand. Maar steeds is daar is geen salf aan hulle te smeer nie.

God het die volk swaar getref, maar hulle hoor nie. Hulle hou aan om verkeerd te doen. Hoe onverstaanbaar is dit dat mense wat weét wat reg is, so hardkoppig kan volhard op die pad na ellende. Hoe kan ons soms so doelbewus, teen ons beterwete in, teen God kies?

Dat daar iemand behoue gebly het, is alleen aan die genade van God toe te skryf. Die volk het verdien dat Hy hulle uitroei. Nogtans is God bereid om hulle nog 'n kans te gee, al is dit dan ook net vir 'n klein groepie getroues. Die volk sal wees soos ‘n afgekapte stomp waaruit ‘n nuwe lootjie uitloop. Hierdie sprankie hoop bly lewendig en word uiteindelik 'n werklikheid aan die einde van die boek Jesaja.

Vir 'n kind van God is daar altyd hoop. Dat God sondaars nie verdelg nie, is genade. Ons is sondige mense. Saam met Paulus roep ons uit: “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.” (Romeine 7:24-25) Ons worstel met sonde, maar genadiglik is God se verlossing deur Jesus Christus groter as ons sonde.

Wat my die meeste getref het in hierdie gedeelte is dat die volk steeds getrou godsdienstige dinge gedoen het. Hulle het skyngodsdiens beoefen. Hulle was besig met die dinge van die Here, maar het nie die Here van die dinge gedien nie. Die godsdienstige dinge wat hul doen is nie diens aan God nie.

Hulle kom 'n klomp voorskrifte in verband met die bring van offers en die hou van feesdae getrou na. Maar dit is net uiterlike godsdienstige handelinge. Hulle het geen persoonlike verhouding met God nie. Die afwesigheid van 'n verhouding met God is ondere andere sigbaar daarin dat hulle hande vol bloed van onskuldige slagoffers is.
En die ergste is dat hulle dink dat hulle vir God met hulle skyngodsdiens en skynheiligheid 'n rat voor die oë kan draai.

Maar Hy sien deur die front wat mense voorhou. Hy ken ons werklike bedoeling. Hy weet wat in ons harte aangaan.
Skyngodsdiens, kan dalk mense beindruk, maar het verskriklike gevolge. Mag ek en jy dit nooit beleef nie. Die Here is sat vir die volk se offers. Dit staan Hom nie aan nie. Hy gee hulle opdrag om nie meer hulle nuttelose offergawes te bring nie.
Hy het 'n afsku, Hy haat hulle feeste. Hy is moeg daarvoor dat hulle hulle hande in gebed na Hom uitsteek. Hy sal nie meer kyk nie en sal nie luister as hulle bid nie.

Hulle het hulle rug op God gedraai. Nou sal God sy rug op hulle draai. Dit is die oordeel oor iemand wat met God probeer speletjies speel.

Jesaja sê 'n skokkende ding en dit is dat godsdiens en godsdienstige handelinge sonde kan wees as dit nie gaan oor God, werklike geloofstoewyding aan en geloofsverering van Hom nie. Sulke handelinge kom staan tussen ons en God. Dit laat dadelik die dringende vraag by ons onstaan: "Wat verwag God dan van sy ons?

Volgens Skrifgedeelte verwag God 2 goed. Voor ek daarby kon, bevestig ek net weer die belangrike waarheid dat godsdiens en godsdienstige handelinge ons nie red nie. Jesus Christus red. Vanuit ons verlossing deur Jesus Christus, roep God ons op tot totale lewensvernuwing.

**Ons moet ons sonde bely en toelaat dat Hy ons skoon was.**
Hoor sy uitnodiging, ook aan elkeen van ons in Jesaja 1:18: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."

**Ons moet ons geloof uitleef.**
In Jesaja 1:17 sien ons wat dit beteken: "Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees."

Die wonder is dat die Here telkens bereid is om van voor af met my en jou te begin.
Vanoggend word ons weer opgeroep om met Hom voor te begin.
God kies ons.
Die volk het gekies. So onverstaanbaar soos dit mag wees, het die volk in die tyd van Jesaja teen God gekies en is in ballingskap weggevoer. Uiteindelik gryp God weer in om hul te red.
God kies, deur Jesus Christus, vir ons. Wie kies jy?
Amen